

Hoofstuk 7

Vyf Dogters van Eva skilder 'n engel:

Refleksie op die navorsingsproses

*The main interest in life and work is to become someone else
that you were not in the beginning.
If you knew when you began a book what you would say at the end,
do you think that you would have the courage to write it?
– Michel Foucault*

7.1 Inleidende reflektiewe opmerkings

Reflekerende praktyke is 'n skitterende voorbeeld van postmoderne etiek in aksie (Freedman en Combs 1996:284). In die refleksie word die ruimte geskep vir die daarstel van nuwe kennis en elke mede-navorser kry die geleentheid om sy/haar stem oor 'n bepaalde saak te laat hoor. Verder nooi dit mense om hulself te sien as kenners oor hulself, gee dit aan mense 'n sin van gemeenskap en samewerking en vra dit van die navorser om die wêreld van die mede-navorser te betree. Deur refleksie word almal wat deel was van die navorsing genooi om deel te wees van die voortgaande navorsingsprojek asook van 'n dekonstruksie van die werk en die effek daarvan (Freedman en Combs 1996:285).

In die skryf van die verhandeling het ek dikwels gevoel asof dit waarmee ek besig is voor die hand liggend is omdat almal die waarde daarvan kon insien en dat baie mense dieselfde oortuiging as ek huldig aangaande kuns. Elke nou en dan het ek egter besef dat dit nie so is nie, en dat die protestantse kerk inderdaad 'n groot verlies gely het weens die grootlikse afwesigheid van kuns in die kerk oor die jare (vergelyk Ginn 2001:136). Ek is van mening dat hierdie



studie daarin geslaag het om, ten minste in my direkte konteks, die stem van kuns in die kerk hoorbaar te maak en gelowiges toegerus het in hul soeke na konstruktiewe maniere om hul spiritualiteit uit te leef.

Sake wat in hierdie laaste hoofstuk aandag sal geniet is: Refleksie op die uitkoms van die navorsing, bydraes wat vanuit die navorsing na vore gekom het, refleksie op getrouheid in die navorsingsprosedure, refleksie op my as navorsers, en so meer. Die volgende vrae sal onder andere aandag geniet: Het ek op etiese wyse met die mede-navorsers en navorsing omgegaan? Watter veranderings het in myself plaasgevind? Watter nuwe deure het vir my oopgegaan? Ook: Watter nuwe deure het die navorsing oopgemaak vir die praktiese teologie? Wanneer ek in die res van die hoofstuk verwys na “ons” sluit ek daarby die vier ander mede-navorsers in wat saam met my die navorsingsreis onderneem het.

7.2 Refleksie aangaande getrouheid aan teologies-epistemologiese vertrekpunte

Binne hierdie studie het ek gepoog om teologie “laag-op-laag” binne die navorsing te integreer. Eerstens is daar die algemeen teologiese veld wat in die metateorie van postfundamentele teologie ingebed is. Verder kom die navorsing tuis in pastorale teologie, maar dan wel deur middel van ‘n narratiewe benadering. In hierdie benadering het ek egter gefokus op ‘n feministies-kontekstuele teologie met ‘n bemagtigende, profeties-bevrydende taak ingebed in ‘n breër raamwerk van interdisiplinariteit. Om reflektief ‘n term hiervoor te probeer daarstel sou ‘n interessante resultaat tot gevolg hê. Dalk iets soos *“Postfundamentele narratiewe feministies-kontekstuele, bemagtigende, profeties-bevrydende praktiese teologie”*.

7.2.1 Postfundamentele teologie

Indien teologie beskryf kan word as 'n kritiese refleksie op geloofservaring binne 'n bepaalde konteks (vergelyk Springsted 1998:55) en dat postfundamentele teologie hoogs kontekstueel is en probeer wegbeweeg van eksotiese abstraksies (volgens Van Huyssteen 2005), sou ek van mening wees dat hierdie studie inderdaad daarin geslaag het om 'n bydrae tot die teologie te lewer. Ons het nie gepoog om 'n algemeen-geldende waarheid daar te stel, naamlik dat kuns vir alle mense behulpsaam is in die uitlewing van hul spirituele identiteit nie, maar in ons bepaalde konteks was dit vir die deelnemers van waarde, en het ons teologiese beginsels ontdek wat hopelik vir sommige ander gelowiges ook van waarde kan wees. Die postfundamentele benadering maak dit moontlik om vanuit 'n persoonlike geloofsoortuiging te praat en te reflekteer, sonder om die ooreenstemming met ander dissiplines uit te sluit (Van Huyssteen 1997:4). In hierdie studie het ons inderdaad gefokus op ons geleefde ervaring vanuit ons persoonlike geloofsoortuiging, maar het ons ook nie geskroom om hierdie geloofsoortuigings te bevraagteken en ander stemme te verwelkom nie.

7.2.2 Postfundamentele praktiese teologie

Vanuit 'n postfundamentele benadering kan praktiese teologie gesien word as publiek, in soverre as wat die Evangelie van Jesus Christus goeie nuus vir die wêreld is (volgens van Huyssteen 2005), en dus die volledige welwese van alle mense in die oog het. Alhoewel daar, selfs binne die teologie, verskeie modaliteite van rasionaliteit bestaan en daar baie maniere bestaan om 'n saak te beredeneer, kan die waarheid aan die hand waarvan ons kies om te werk tot optimale koherensie lei. Dit beteken nie dat ons teologies oor alles saamstem nie, maar wel dat ons besluit op 'n punt waar ons wel met mekaar gaan saamwerk (volgens Van Huyssteen 2005). Browning (1996:6) beklemtoon die feit dat daar in praktiese teologie nie alleen gepoog word om praktykgerig te wees nie, maar om reflektief en krities met die praxis om te gaan. Ons het in ons studie daarin geslaag om gereeld reflektief en krities oor ons ervarings na te dink en gesprek te voer oor wat hier tussen ons aan die gebeur is. Verder het



praktiese teologie te doen met die vraag hoe mense in hul verskeie kontekste leef en bydra tot God se vernuwende droom - persoonlik, gemeenskaplik en wêreldwyd (Bons-Storm 1998:23). Ook Graham (1998:141) en Ackermann (1998:80) beskryf praktiese teologie as helend, rekonstruktief en krities van aard. Indien hierdie as werkbare definisies van praktiese teologie gesien kan word, dink ek nie dit sou verwaand wees om te sê dat hierdie navorsing inderdaad praktiese teologies van aard was nie.

7.2.3 Narratief-pastorale teologie

Vanuit 'n narratief-pastorale benadering het ons gepoog om die verhaal van elke mede-navorsers so ryk en geskakeerd as moontlik op die tafel te plaas en aan elkeen die geleentheid te bied om aan iets te bou wat in haar eie lewe van waarde is. Ek het gepoog om ook in hierdie benadering getrou te bly aan die beginsels van die narratiewe benadering soos dit in 7.3.2 sal aandag geniet. Ons is wel van mening dat die verhale aangaande ons verhouding met God, en aangaande kuns wat ons kom help het in die uitlewing van hierdie verhouding, die dominante diskoerse van hoe ons tot voor die ontdekking van 'n nuwe manier kom dekonstrueer het. Dit het ons help besef dat ons nie slegs binne enkele afgebakende geloofsdissiplines ons geloof moet beoefen nie. Ons het ook tot die besef gekom dat die alternatiewe verhaal van kuns as geloofsdissipline ons geloof kan versterk het en vir elkeen van ons 'n unieke uitkoms van rigtinggewende waarde geword het.

7.2.4 Feministiese-kontekstuele teologie: profeties, bemagtigend, bevrydend

Die stem van die vrou is in hierdie studie voorop geplaas in die soeke na nuwe rigting in die rol van kuns en spiritualiteit in die kerk. Deur te fokus op die spesifieke belewenis van die vrou in haar konteks (sien Bons-Storm 1998:23) is ek van mening dat ons onself herontdek het as vroue wat 'n uiters waardevolle bydrae vir die kerk kan lewer. Hierdie ontdekking was tegelykertyd profeties, bemagtigend en bevrydend in die sin dat ons 'n profetiese stem kon laat hoor oor hoe vroue spiritualiteit in die kerk daar kan laat uitsien. Deur ou maniere van



verstaan aangaande spiritualiteit en die uitlewing daarvan te herbesoek (vergelyk Graham 1996:51) het ons ontdek hoe ons deur hierdie nuwe verstaan bemagtig en bevry word om ons volle potensiaal binne ons spiritualiteit uit te leef en te beleef hoe dit elke ander aspek van ons lewe bemagtig en bevry. Ons het die stemme in onself ontdek wat baie vroue vir lank verswyg het.

7.3 Refleksie aangaande getrouheid aan metodologies-epistemologiese vertrekpunte

Vanuit die bepaalde teologies-epistemologiese vertrekpunte kom sekere metodologies-epistemologiese vertrekpunte na vore, waaraan ek deurgaans deur die studie getrou probeer bly het. 'n Reflektiewe oorsig oor hierdie vertrekpunte is as volg:

7.3.1 Sosiaal-konstruksionistiese paradigma

Gergen (1985:266) gaan van die standpunt uit dat die lede van 'n gemeenskap saam inspraak lewer in wat vir hulle van waarde is. Hoe mense dink is 'n aktiewe proses wat binne verhouding plaasvind (vergelyk Gergen & Gergen 1991:88). Met bogenoemde in gedagte is ek van mening dat ons so ver as moontlik sosiaal konstruksionisties met die navorsing omgegaan het. Hiermee bedoel ek onder andere dat ek as navorser nie die mede-navorsers as objekte geobserveer het en na afloop van die navorsing 'n aantal sogenaamde onafhanklike navorsingsbevindings daargestel het nie, maar dat elke mede-navorser se bydrae tot die eindproduk van ons gesamentlike navorsingsbevindings geïnkorporeer is. Dikwels word die kritiek genoem dat 'n navorser sy of haar navorsing sosiaal-konstruksionisties noem en praat van mede-navorsers bloot omdat dit die verwagte benadering is om te volg, maar uiteindelik is dit maar die navorser se eie interpretasies en bevindings en word die sogenaamde mede-navorsers slegs ter wille van die skyn saamgesleep. Ek kan egter met alle oortuiging sê dat die persone wat saam met my aan die navorsing deelgeneem het in elke opsig mede-navorsers was (vergelyk Muller et al 2001:80) en dat die resultate van die navorsing net soveel hulle navorsing is as myne. Verder is daar

gepoog om die dominante diskoerse aangaande kuns in die kerk, die rol van die vrou in die kerk en die samelewing, die verband tussen kuns en spiritualiteit, asook die unieke bruikbaarheid van kuns vir die uitlewing van spiritualiteit by die vrou te dekonstrueer en te herkonstrueer.

7.3.2 Narratiewe benadering

In hoofstuk 4 is daar breedvoerig aangetoon hoe kunstherapie, waarby die benadering waarvolgens ons in hierdie navorsing gewerk het, ingebed is, sterk verbande en ooreenkomste met narratiewe terapie toon. Deurgaans het ek gepoog om in die benadering tot die mede-navorsers aan hierdie narratiewe beginsels getrou te bly.

Ek het gepoog om altyd vanuit 'n "not knowing" posisie te funksioneer deurdat ek nie myself probeer voorhou het as een of ander ekspert wat oor spesiale kennis beskik nie. Verder het ek ook nie probeer voorgee dat ek te vinnig verstaan waarom een van die mede-navorsers doen wat sy doen of sê wat sy sê nie. Deur ons gesprekke en gesamentlike reis het ek saam met hulle nuwe betekenis en nuwe begrip vir hul verhale en hulle vir myne ontdek.

Verder het ek gepoog om die mede-navorsers te sien as die kundiges in hul eie lewe en daarom nie probeer om hulle voor te skryf oor wat hulle te doen staan in die keuse van hul onderwerpe of om namens hulle besluite te neem oor moontlike betekenis van simbole of kleurgebruik of interpretasie van 'n werk nie. Ek was van mening dat elkeen reeds in haarself oor alternatiewe verhale beskik vir haar unieke situasie en dat ek daarom nie die outoriteit in haar lewe sal ondermyn deur te maak asof ek weet wat vir haar goed is nie.

Eksternalisering as navorsingstegniek was uiters bruikbaar in die navorsing, aangesien die kuns opsigself aan ons die metafoor vir eksternalisering gebied het en aan elkeen die gevoel gegee het dat sy tog nie die probleem is nie, maar dat daar bepaalde dominante diskoerse in haar lewe funksioneer waarvan sy haarself kan distansieer. Die tasbaarheid van die kunswerk was hierin van onskatbare waarde. Ook in ons gesprekke oor die kunswerke het die vroue daarin geslaag om hulself van die onmiddellike situasie wat daarin uitgebeeld



word te distansieer en anders te begin dink oor die dominante verhale van hul lewens.

Die alternatiewe verhaal het op verskeie vlakke na vore gekom. Aan die een kant is die dominante verhaal van kuns in die kerk gedekonstrueer deur die vertel van die verhaal in die geskiedenis en glo ek ons het daarin geslaag om 'n moontlike alternatiewe verhaal vir die gebruik van kuns in die kerk daar te stel. Tweedens is die dominante verhale van die vroue in die groep gedekonstrueer en kon hulle deur die kuns daarin slaag om alternatiewe verhale vir hul eie lewens te ontdek. Hierdie navorsing was inderdaad 'n *"in there together"* ervaring (vergelyk Anderson & Goolishian 1992:29). Saam het ons nuwe betekenis, nuwe realiteite en nuwe narratiewe geko-konstrueer.

7.3.3 Kwalitatiewe navorsing

Ek het deurgaans gepoog om getrou te bly aan die beginsels van kwalitatiewe navorsing waarvolgens ek hierdie studie aanvanklik aangepak het. Ek het eerstens gepoog om eerlik te soek na 'n antwoord op die vraag of kuns nuttig kan wees as hulpmiddel in die uitlewing van spirituele identiteit. Aangesien die navorsing oor werklike mense se werklike lewensverhale gehandel het (volgens Janesick 1994:21) was die navorsing veel meer as bloot 'n eksperiment. Verder het ons induktief gewerk (sien Janesick 1994:212), wat impliseer dat daar vanuit die gebestudeerde data 'n teorie ontwikkel is (sien Leedy & Ormrod 2001:154). As navorser het ek deel geword van die navorsingsveld en nie alleen as toeskouer op die kantlyn gestaan nie en gepoog om eerlik te wees aangaande my eie posisionering en voorveronderstellings.

Ander kwalitatiewe navorsingsbeginsels wat gevolg is, is as volg (vergelyk Rubin & Rubin 1995:6-12, Janesick 1994:212, Maykut & Morehouse 1994:176) :

- Poging tot verstaan van 'n spesifieke sosiale opset: spesifieke omstandighede is ondersoek en daar is nie gesoek na algemeen geldende waarhede nie.
- Konfidensialiteit: Gesprekke tussen die mede-navorsers en inligting oor hul lewens wat hulle nie wou bekend maak nie is konfidensieel hanteer.



- Geloofwaardigheid: Ek het gepoog om voortdurend waardes van deursigtigheid, konsekwentheid, kommunikeerbaarheid en betroubaarheid te huldig.
- Wêreld van individu: Daar is gefokus op die spesifieke lewenskonteks van die betrokke individue met die oog daarop dat die navorsing hulle tot voordeel sal strek.
- Welstand van die individu: Dit was vir my belangrik dat die individu nooit in die navorsingsproses benadeel word nie, maar dat hulle ook presies weet waaraan hulle deelneem en wat die uiteinde van hul deelname aan die navorsing sou wees. Om hierdie rede het elke mede-navorsers 'n ingeligte toestemmingsverklaring (aanhangsel A) voltooi.

7.3.4 Deelnemende aksienavorsing

Soos vantevore gemeld is dit maklik om in 'n eerste hoofstuk 'n aantal benaderings te lys omdat dit goed klink, maar dis nie so eenvoudig om daarby te hou nie. Ek het egter gepoog om deurlopend die beginsels van deelnemende aksienavorsing te volg. Anders as in tradisionele navorsing het ek nie net 'n klomp kennis van sekere persone geoes en daarna vertrek om my eie konklusies te maak en die betrokke individue totaal ontredder gelaat nie (vergelyk Gardner 2004:51). In deelnemende aksienavorsing neem elke individu, ook die navorsers, aktief deel aan die navorsing (sien McTaggart 1997:28). So het ek deel van die navorsingsgemeenskap geword en is ek saam met die mede-navorsers deur die navorsing verander, bemagtig en toegerus (sien Gardner 2004:51). Ek het elke week saam met die ander vier gesit en skilder en teken en saam met hulle ontdek en gesels oor die effek van kuns as hulpmiddel in die uitlewing van spirituele identiteit, sodat die kennis wat ons daaruit bekom het gedeelde kennis geword het wat vir ons van verrykende en lewensveranderende waarde was. Hier kan ek na afloop van die navorsing met McTaggart (1997:39) saamstem dat hierdie navorsing nie iets is wat op ander gedoen is nie, maar wat deur elke mede-navorsers gedoen is met die oog op die verbetering en verryking van haar eie lewensituasie.

7.3.5 *Feministiese navorsingmetodologie*

Soos reeds gemeld in hoofstuk 1 was die doel van hierdie studie nie veralgemenend van aard nie. Daar is gefokus op 'n bepaalde groep en daarom het ek gepoog om getrou te wees aan sekere beginsels van feministiese navorsingsmetodologie (vergelyk Slee 2004:46-52).

- Die navorsing is eksplisiet in die ervaring van vroue begrond.
- Verskil en diversiteit binne die navorsingsverhaal is verwelkom en gevier, aangesien nie een vrou se verhaal dieselfde is as dié van 'n ander nie.
- Die navorsing is uitgevoer met die spesifieke doel om vroue te bevry en te bemagtig. Geen dominerende navorsingsmetodes is gebruik nie, wat onder andere die volgende impliseer:
 - Ek was deursigtig oor die doel en metode van navorsing
 - Ek het my eie agenda en ervaring beskikbaar gestel vir kritiese refleksie
 - Ek het gepoog om die materiaal op so manier te hanteer dat dit konfidensialiteit en integriteit teenoor die vroue se verhale toon
 - Ek het nie alleen op formele vlak met die mede-navorsers kontak gehad nie, maar is nou nog, maande na afloop van die navorsing, in gereelde kontak met elkeen.
 - Ek het gepoog om die mede-navorsers verder deel te maak van die navorsingsproses deur die gebruik van reflekerende gesprekke en die beskikbaarstelling van die geskrewe navorsingsverhaal
- Ons het gebruik gemaak van refleksie met die doel om dominante diskoerse te bevraagteken en te dekonstrueer. Hierdie gesprekke het my gehelp om krities te dink oor my invloed, die effek van die navorsing op my asook die resultate van die navorsing



7.4 Oorsig oor inhoud van afsonderlike hoofstukke

In hoofstuk 1 is daar aandag gegee aan sekere epistemologiese vertrekpunte, beide teologies en metodologies, aan die hand waarvan ek die navorsing wou uitvoer. Bogenoemde is reeds in 7.2 en 7.3 bespreek. Verder is daar 'n oorsig gegee oor wat die begrip “kunsterapie” beteken, aangesien die leser nie noodwendig oor hierdie kennis beskik het nie en dit nodig was om iets oor die onderwerp te weet alvorens die res van die dokument gelees kan word. Daar is ook aandag gegee aan die verloop van die navorsing volgens die model van Muller et al (2001) soos dit in 7.5 aandag sal geniet. Laastens is daar 'n oorsig gegee oor die indeling van die hoofstukke.

Hoofstuk 2 het aangetoon waar die tema van die studie naamlik “Vyf Dogters van Eva skilder 'n Engel” vandaan kom. Daar is ook gekyk na die ander groep wat ek aanvanklik gemeen het deel van die navorsing sal wees, naamlik die ECHO kunsterapiegroep asook die Stabilisgroep, en laastens die ontstaan van die vrouegroep. Verder het ek probeer aantoon waarom ek nie van onderhoude gebruik maak nie maar eerder die vroue self aan die woord stel om in taal en detail van hulle keuse hul lewensverhale te vertel. Die verhale van die vyf dogters van Eva (naamlik Annamarie, Michelle, Sanet, Susan en ekself) het aandag geniet. Laastens is vername dele van gesprekke wat ons deur die loop van die jaar gevoer het en waarop ons ooreengekom het verbatim neergeskryf sodat die leser kan sien dat die resultate van die navorsing nie versinsels van my eie verbeelding is nie, maar werklike gebeure in die lewens van vyf vroue.

Ter wille van 'n oorsig oor die rol van kuns in die kerk het ek in hoofstuk 3 aandag gegee aan die argument oor die spanning tussen die sakrale en die sekulêre, asook aan die verhaal van kuns in die kerk soos dit voorkom sedert die tyd van die eerste Christene. Laastens is daar in hierdie hoofstuk gekyk na die situasie van kuns in die kerk vandag, asook moontlike nuwe toekomsgebruike.

In hoofstuk 4 is die verhaal van die oorsprong van kunst terapie vertel. Ek het ook ondersoek ingestel na ander invloede op kunst terapie vanuit die sielkunde, soos byvoorbeeld die werk van Jung, asook die gebruik van die mandala. Die vraag na wat kunst terapie is, asook na die verskil tussen kunst terapie en terapeutiese kuns het op die tafel gekom. Die verhouding tussen kunst terapie en estetika is bespreek. Die verband tussen kunst terapie en die narratiewe benadering is breedvoerig aangedui. Daar is ook aandag gegee aan kuns as nie-verbale vorm van kommunikasie.

Hoofstuk 5 het spesifiek gehandel oor die vrou en spiritueel-verwante kwessies. Eerstens is daar aandag gegee aan hoe vroue God ken, die vrou se rol in die geskiedenis en die samelewing asook die spiritualiteit van die vrou as godin. Daar is gekyk na vername perspektiewe uit die literatuur aangaande ontwikkelings- en geloofsontwikkelingsteorieë, asook na kritiek op hierdie teorieë vanuit die perspektief van die vrou. Moontlike geloofstrategieë vir vroue is onder oë geneem. Daar is ook gekyk na spiritualiteit- en identiteitskwessies, waaronder boustene van spiritualiteit ook aandag geniet het. Laastens is daar in die lig van die vrou en haar spiritualiteit aandag gegee aan die verhale van twee vroue uit die geskiedenis wat ander vroue kan inspireer, naamlik Hildegard von Bingen en Frida Kahlo.

Hoofstuk 6 was reflektief van aard in soverre as wat dit oor bevindings van die navorsing verslag gelewer het. Die sake vooruitspruitend uit hoofstuk 6 is as volg:

- Die verband tussen kuns en geloof
- Die rol van kreatiwiteit en estetika
- 'n Teologie van Estetika
- Die plek van kuns in die kerk
- Narratiewe-pastorale sorg deur middel van kuns
- Kuns as terapie
- Kuns as geloofstaal



- Die belang van die kunsterapeutiese groep
- Uitlewing van spirituele identiteit
- 'n Vrou-vriendelike benadering
- Die gevolg van kuns: profeties, bevrydend en bemagtigend
- Die gebruik van simbool, sakrament en ritueel
- Die uitstalling
- Toekomsperspektiewe

7.5 Oorsig oor verloop van navorsingsproses

Soos reeds in hoofstuk 1 aangedui het ek die navorsingsmodel van Muller et al (2001) gebruik wat geskoei is op die werk van Anne Lamott. Die proses word beskryf aan die hand van vyf sleutelwoorde: aksie, agtergrond, ontwikkeling, klimaks en einde (vergelyk Muller et al 2001:78).

7.5.1 Veld van Aksie

Hierdie area van die navorsing het hoofsaaklik in hoofstuk 1 en 2 aandag geniet, waar die spesifieke navorsingsveld sowel as die skopus waarbinne die navorsing sou plaasvind beskryf is, naamlik die gebruik van terapeutiese kuns in die uitlewing van spirituele identiteit by die jong volwasse vrou. Die metode van navorsing asook epistemologiese kwessies aangaande my eie posisionering het hier breedvoerig aandag geniet.

7.5.2 Beskrywing van agtergrond en in-konteks ervarings

Die beskrywing aangaande die herkoms van die aksie asook die verhale van die persone wat aan die aksie deelgeneem het, het in hoofstuk 2 aandag geniet. Die aanverwante verhale van ander diskoerse wat deel vorm van die agtergrondverhaal soos die verhaal van kuns in die kerk, die verhaal van kunstherapie asook spesifieke kwessies rakende vrouespiritualiteit was onderskeidelik deel van hoofstuk 3, 4, en 5.

7.5.3 *Ontwikkeling van navorsingsverhaal*

Die *ontwikkelingsdeel* van die proses handel oor die uitgebreide ontwikkeling van die navorsingsverhaal. Ten spyte van die feit dat die ontwikkelingsfase volg na die aksie- en agtergrondfase, kom die ontwikkeling van hierdie spesifieke navorsingsverhaal nie in een enkele hoofstuk na vore nie, maar is ontwikkelingsaspekte van die verhaal vervleg in die bestek van hoofstuk 2, 3, 4, 5 en 6. In die ontwikkelingsfase is daar gefokus op die daarstel van interpretasie en relevansie van die navorsing vir die spesifieke navorsingskonteks. Hierdie interpretasie en soek na betekenis was egter nie alleen my verantwoordelikheid nie, maar elkeen van die mede-navorsers het saam met my gekonstrueer aan die uitkomst van die navorsing vir ons spesifieke konteks.

Soos reeds genoem in hoofstuk 1 bied kuns die geleentheid dat daar altyd iets konkreets van die mede-navorsers se kant af op die tafel is. Tog het ek gepoog om die stemme van die mede-navorsers nog duideliker hoorbaar te maak deur oral waar toepaslik hul eie menings, interpretasies en opinies van die navorsingsproses in te sluit. Kort nadat ek begin het om die voorlopige interpretasies van ons werk op skrif te stel het ek die dokument aan die mede-navorsers beskikbaar gestel sodat hulle ook krities daaroor kon reflekteer en veranderings en byvoegings kon maak soos nodig.

Dit was deurgaans vir my belangrik om nie die gesprek oor God se teenwoordigheid of spiritualiteit in die individue se kele af te druk nie. Alhoewel ons aan die begin van die navorsingsproses besluit het dat ons uitgangspunt die uitlewing van spirituele identiteit behels, kon elke mede-navorsers daaraan inhoud gee soos sy graag wou. In ons aanvanklike besluit het ek nie probeer om hulle verder te beïnvloed aangaande wat ek graag as die uitkoms van die navorsing sou wou sien nie. Daar was byvoorbeeld Michelle, wat nie altyd gevoel het dat sy op simboliese wyse aan haar spirituele identiteit wil uiting gee nie, maar dat sy net wou verf, en dan interessant genoeg tog aan die einde self besluit dat die werk wat sy gedoen het vir haar simboliese waarde het. Annamarie, Sanet en



Susan het egter van die begin af op hierdie wyse gewerk en dit nooit as frustrerend of inhiberend gesien nie. Dit was vir my van uiterste belang dat as 'n individu wel kies om God se teenwoordigheid in die gesprek in te bring, dit nie geïgnoreer sal word nie, maar dat ek ook nie enige persoon forseer of manipuleer om dit wel te doen nie. Ek was wel aanvanklik bekommerd dat hulle vanweë my agtergrond as predikant sal aanneem dat ek van hulle verwag om met iets vroom of geestelik relevant na vore te kom. Juis om hierdie rede het ek gekies om nie gesprekke oor die teenwoordigheid van God in ons lewe asook ons spiritualiteit te inisieer nie. Die verrassende was dat hulle in al die gesprekke, formeel en informeel, gepraat het oor alledaagse goed en dat God maar altyd vervleg teenwoordig was in hierdie verhale. Hulle het inderdaad gekies om God en hulle belewenis van hul verhouding met Hom self te offer. Daarom is ek werklik trots op die resultaat van die navorsing, aangesien dit nie iets was wat ek in 'n abnormaal gemanipuleerde rigting ingedwing het nie, maar iets wat spontaan vanuit die binnewêreld van elke mede-navorsers na vore gekom het.

7.5.3.1 Eie betrokkenheid

As deel van deelnemende aksienavorsing was ek net so aktiewe lid van die navorsingsproses en was my verhaal en bydrae net so relevant vir die navorsing as dié van die mede-navorsers. Daarom het ek met vrymoedigheid my eie verhaal by die ander verhale ingesluit. Ek besef daarom ook die rol wat ek in die navorsing gespeel het en sal by 7.8 breedvoerig hieroor reflekteer. Die navorsingsjoernaal wat ek tydens die navorsingsproses probeer byhou het, het my ook gehelp om insig te hê in my eie invloed op die navorsing.

7.5.3.2 Etiese kwessies

Rakende etiese navorsingspraktyk was my eerste stap om aan die begin van die navorsing my vertrekpunte te verklaar en dit ook met die mede-navorsers te deel. Ek het daarom aan hulle verduidelik wat ek van hulle in die navorsing verwag. Ons het ooreengekom op volledige deelname aan die proses, op respek vir mekaar se andersheid, op konfidensialiteit oor die gesprekke wat ons tydens die

byeenkomste voer, asook dat hulle saam met my ewewigtige verantwoordelikheid vir die navorsing het. Dat ek as't ware van hulle afhanklik is vir die daarstel van enige navorsingsbevindings. Sonder die mede-navorsers sou daar sonder twyfel geen navorsing gewees het nie.

Aan die begin van die studie het ek gemeen dat ek die mede-navorsers se identiteit konfidensieel sal hou as hulle dit so verkies. Alhoewel hulle wel van "skildername" gebruik gemaak het, het hulle gemeen 'n skuilnaam is eintlik 'n klug, aangesien enigiemand in hulle direkte sosiale konteks wat die werk sou lees, in elk geval dadelik sou weet van wie hier sprake is. Hulle was verder van mening dat hulle in elk geval nie werklik iets het om weg te steek nie, en daarom nie sal omgee om hul werklike name te gebruik nie. In sekere van die mede-navorsers se verhale het hulle wel as gevolg van hierdie rede wysigings of weglatings aangebring wat onnodige sensitiewe detail verskaf. Desnieteenstaande is ek tog van mening dat hulle verhale nog steeds al die nodige inligting verskaf met die oog op duidelikheid en begrip vir die leser.

Behalwe vir ons aanvanklike besluit om te werk op kuns as uitlewing van spirituele identiteit, is ek van mening dat die navorsing spontaan ontwikkel het en dat ek dit nie in 'n bepaalde rigting gemanipuleer het nie.

7.5.3.3 Subjektiewe integriteit

Tydens die proses van die navorsing was ek bewus van die feit dat nie ek of een van die mede-navorsers tot objektiwiteit in staat is nie. Om te poog om by objektiwiteit uit te kom is in elk geval vanuit 'n narratiewe perspektief onmoontlik en daarom kies ek eerder om die standpunt van subjektiewe integriteit te handhaaf. Dit impliseer dat ons bewus is van ons voorveronderstellings en probeer het om bewustelik met mekaar en ons invloed op die navorsing om te gaan.



7.5.3.4 Refleksie op navorsing

Vanuit 'n sosiaal-konstruksionistiese benadering is refleksie altyd relasioneel en word nie alleen die navorser se refleksie as waardevol geag nie (sien Gergen & Gergen 1991:79). Veral in hoofstuk 6, is daar breedvoerig aandag gegee aan die reflektiewe konklusies van die navorsing.

In hierdie laaste refleksies is dit my taak as navorser om seker te maak dat die mede-navorsers van mening is dat my skriftelike weergawe van ons bevindings met hulle persepsies ooreenstem en daarom stel ek dit aan hulle beskikbaar om te lees en te verander na goeddunke.

Die navorsingsverslag is in Afrikaans geskryf aangesien dit die spreektaal is van die mede-navorsers, behalwe vir Michelle wat ook Engels as haar huistaal reken. Aangesien dit vir my belangrik is dat die navorsingsverslag vir die mede-navorsers toeganklik moet wees, het ek wel van akademiese en teologiese taal gebruik gemaak, maar steeds gepoog om die verslag vir hulle toeganklik te maak.

Die vernaamste refleksie het plaasgevind deur middel van ons gereelde formele en informele reflektiewe gesprekke wat so volledig as moontlik in hoofstuk 2 opgeneem is.

'n Vername vorm van refleksie was ook ons uitstalling (sien 6.6) aan die einde van 2004. Hiermee het nie alleen ons groep die geleentheid gehad om te reflekteer oor die jaar se werk nie, maar kon ons ook belangrike ander in ons lewe by hierdie refleksie insluit.

7.5.3.5 Interdissiplinariteit

Aangesien daar min werk gedoen is op die spesifieke terrein van die gebruik van kuns binne die teologie was interdissiplinêre ondersoek 'n belangrike deel van die navorsing. Horovitz-Darby (1994:10) beskryf interdissiplinariteit as volg:

... a process of combining the myriad talents and skills of professionals necessary to eradicate the problem's of a person's condition and contribute to his overall recovery and health.

Die uitdaging van interdisiplinêre ondersoek lê daarin om modelle wat vanuit meer modernistiese benaderings funksioneer sinvol in te sluit by die gesprek. Die interdisiplinêre ondersoek waarin die velde van kunstgeskiedenis, sielkunde en kunst terapie betrek is, het wel tot verdere vrae aanleiding gegee, maar het juis van ons ervaring iets verantwoordbaar gemaak aangesien die stemme wat ons vanuit die teologie laat hoor het ook in ander dissiplines hoorbaar is (sien Van Huyssteen 1997:12). Die velde van kunstgeskiedenis, sielkunde en kunst terapie het onskatbare bydraes tot die navorsingsveld gelewer.

Voorbeelde van sulke alternatiewe interpretasies sou die volgende kon wees:

- Alhoewel daar vir lank binne die gereformeerde of protestantse tradisie gemeen is dat kuns nie werklik 'n plek in die kerk het nie, bied terapeutiese kuns 'n geleentheid aan die praktiese teologie om kuns as 'n verrykende en geldige vorm van kommunikasie met God te sien.
- Deur die gebruik van simbole, soos alreeds vir eeue in beide die wêreld van die kuns en die kerk voorgekom het, kan die individu wat andersins sukkel om in geloofstaal met en oor God te praat met behulp van terapeutiese kuns 'n geleentheid kry om iets van sy/haar eie spirituele, geestelike of geloofservaring uit te druk sonder dat daardie individu oor bepaalde teologiese of linguïstiese vaardighede hoef te beskik.
- Gelowiges hoef nie net tot sekere geloofsdissiplines, soos gebed, Bybelstudie en meditasie beperk te wees nie, maar kan terapeutiese kuns inspan as geloofsdissipline in die uitlewing van hul spirituele identiteit.

7.5.4 Klimaks en Einde

Dikwels, tydens die ontwikkelingsfase, het die navorser die ervaring dat jy nie weet waarheen jy op pad is nie. Binne 'n narratiewe benadering is hierdie onsekerheid nie negatief nie, aangesien dit anders as in modernistiese benaderings, verseker dat die navorsing self ontwikkel in 'n bepaalde rigting en dat dit nie geplooi en gemanipuleer word om 'n stel voorafopgestelde hipoteses te bevestig nie.



Die einde van die navorsing vra vrae rakende die ontwikkeling van die navorsers en mede-navorsers, beteken dit wat aan die ontwikkeling gegee word, asook moontlike verdere ontwikkelings wat vanuit hierdie navorsing na vore kan kom.

Die klimaks en die einde van hierdie navorsing word in hoofstuk 6 breedvoerig bespreek.

7.6 Refleksie op wins in lewe van mede-navorsers

Foltz (2000:414, 417) skryf as volg aangaande die wins van die navorsing in die betrokkenes se lewe:

Acknowledging the researcher's part in the creation of social knowledge, we revealed how doing fieldwork in a feminist coven had affected our research, as well as our identities as women and researchers.

It is clear that my feminist spirituality research has transformed the way I view the world; it permeates my relationships and interactions, and shapes my professional goals as well as my personal dreams.

By die eerste aanhoor van bogenoemde stelling staan mens effens verstom oor die feit dat iemand so diep geraak kan word deur die navorsing waaraan sy deel gehad het. Tog is hierdie woorde van haar 'n uiters raak beskrywing van ons eie belewenis hoe ons deur die navorsing verander en getransformeer is. Aanvanklik was ons net 'n groep vroue met 'n diep begeerte om ons kreatiwiteit te ontsluit en nuuskierigheid oor waarheen hierdie pad wat op die uitlewing van ons spiritualiteit gefokus het sou lei. Mettertyd is ons deur die navorsing verander om nooit weer te wees wat ons voor die tyd was nie.

Na my mening lê die geldigheid en betroubaarheid van goeie kwalitatiewe deelnemende-aksie navorsing juis in die feit dat dit ware voordeel vir die navorsers inhou, dat dit konstruktiewe gevolge in die navorsers se lewe tot gevolg het en dat hulle na afloop van die navorsing kan getuig van die ko-



konstruksie van verhale van heling, bevryding en bemagtiging. Dit is inderdaad wat met ons gebeur het.

7.7 Leemtes in die navorsing

Soos reeds vantevore gemeld was die skopus van hierdie studie beperk tot 'n baie spesifieke navorsingsgebied, naamlik die gebruik van kuns in die uitlewing van spirituele identiteit by die jong volwasse vrou. Hierdie beperkte navorsingsveld was alreeds so divers dat ek nou, aan die einde van die navorsing die belewenis het dat sommige velde wat ek wel aangespreek het, nog meer breedvoerig in 'n latere studie sou kon aandag geniet.

As gevolg van die interdisiplinêre aard van die navorsing, asook die feit dat verskillende navorsingsvelde betrek is, was dit nie altyd moontlik om binne die bestek van die navorsing in-diepte studies te doen oor elke verwante onderwerp nie. Alleen in hierdie studie is die velde van kunstherapie, narratief, postfundamentele teologie, kerkgeskiedenis, die vrou, spiritualiteit en identiteit, asook die unieke lewensverhale van vyf individue en die verhaal van die navorsing spesifiek bespreek, asook die verskillende verbande soos dit in die onderskeie hoofstukke na vore gekom het. Dit is dan net verstaanbaar dat daar nie noodwendig in detail aan elkeen van hierdie velde aandag gegee kan word nie en daarom het ek ook nie gepoog om alles oor elke onderwerp te sê nie. Inteendeel, ek is deeglik bewus van die beperkte omvang van die studie. Desnieteenstaande is ek van mening dat die kennis en wins wat vanuit die spesifieke navorsing na vore gekom het voldoende is om 'n blik op die spesifieke navorsingsveld te bied en om die belang van die onderwerpe vir hierdie studie uit te lig, asook om nuwe moontlikhede te skep en moontlike nuwe rigtings vir navorsing oop te maak.

Vanuit die navorsing is daar nog verskeie ander verwante onderwerpe wat nie in die bestek van hierdie studie behandel kon word nie. Sommige van hierdie onderwerpe is wel rakelings genoem. Hier dink ek byvoorbeeld aan die velde van



verbeelding, die selfportret as reflektiewe medium en die effek van die kunswerk op die spirituele belewenis van die toeskouer. In kuns gaan dit nie alleen oor die kreatiwiteit van die skepper van die kuns nie, maar ook die kreatiwiteit van die toeskouer. Deur na 'n kunswerk te kyk word die toeskouer ook verander (sien Zukowski 1995:50).

Ek sou graag later van tyd, oor 'n paar jaar, wou terugkom na die Vyf Dogters van Eva om te sien waar hulle hul dan in hul lewens bevind en op watter manier kuns dan nog 'n rol speel in die uitleef van hul spirituele identiteit. Ek sou ook graag wou sien watter ander mense deur die wins van hierdie navorsing bevoordeel is.

Daar is nog baie ander navorsingsvelde wat vanuit hierdie navorsing na vore sou kon kom, byvoorbeeld die gebruik van die mandala as persoonlike simboolsisteem, die funksionering van die Jungiaanse argetipes in kunstherapie, die langtermyn effek van 'n teologie van estetika op gelowiges se spiritualiteit, die gebruik van kuns as geloofsdissipline met die oog op geestelike groei, die godin spiritualiteit as bevrydende en bemagtigende stem in die gereformeerde tradisie (!), en so meer. Na regte is hierdie lys eindeloos, aangesien elke onderwerp wat aangeraak is 'n rits ander vrae en onderwerpe oopmaak vir ondersoek. Vir my is dit 'n inspirerende gedagte aangesien dit beteken dat die navorsing wat in hierdie dokument opgeteken is in 'n sekere sin maar net die begin van 'n ander geweldig opwindende reis kan wees. Om hierdie rede sien ek die leemtes wat nie in hierdie navorsing gevul is nie, nie as swart gate wat na niks lei nie, maar as tunnels na 'n nuwe wêreld.

7.8 Wins van navorsing vir prakties teologiese en akademiese veld

In 'n sekere sin het 7.7 reeds aangetoon watter wins daar vir die prakties teologiese en akademiese veld vanuit hierdie studie na vore gekom het. Soos reeds etlike kere vermeld bestaan daar nog nie soveel navorsing oor die gebruik van terapeutiese kuns as narratief pastorale hulpmiddel in die uitlewing van spirituele identiteit by die jong volwasse vrou nie. In daardie opsig het hierdie studie inderdaad 'n bydrae tot die teologie en die akademie gelewer. Ek is van

mening dat 'n prakties teologiese studie ten minste daarin moet slaag om die alledaagse belewenis van mense se verhouding met God behulpsaam te wees. In die lewe van ons as mede-navorsers was dit beslis die geval. Rakende die leemtes in die navorsing, is ek van mening dat dit ook van wins was vir die prakties teologiese veld aangesien dit weer die moontlikheid vir nuwe akademiese ondersoek oopgemaak het.

7.9 Self-refleksie: My rol as navorsers

Om oor jouself te reflekteer is nie 'n eenvoudige taak nie, aangesien mens nie altyd bewus is van sekere diskoerse wat jou denke beïnvloed nie. Om tog krities te dink oor my eie rol is egter van kardinale belang. Vrae wat ek alreeds in hoofstuk 1 aangaande self-refleksie geantisipeer het, moet hier beantwoord word. Waar het ek wel die navorsing probeer manipuleer? Het ek nie soms van my eie magsoopdrag as navorsers gebruik gemaak om sekere uitkomst in die verhale van mede-navorsers mee te bring nie? Waar kon ek anders opgetree het? Wat sou die effek op die navorsing gewees het as ek wel anders opgetree het?

Wanneer die bekende Claerhout oor sy eie lewe reflekteer sê hy die volgende:

As ek aan enigiets skuldig is, is dit dat ek vir so lank geglo het dat 'n mens nie beide priester en kunstenaar kan wees nie. Voorheen het ek slegs vir ontspanning geskilder, wat wel 'n lafenis was, want op stuk van sake kan die priestersdom baie eensaam wees (Vader Claerhout soos aangehaal deur Schwager & Schwager 1994:15).

Hierdie woorde van Claerhout sal vir altyd vir my inspirerend wees aangesien ek ook op 'n stadium in my lewe gemeen het dat mens nie 'n dominee kan wees met 'n kwas in die hand nie. Ek het ook maar vir ontspanning geskilder, maar nou doen ek dit omdat ek nie anders kan nie. Omdat my siel nog nooit so gelewe het en so bewus was van God sedert ek begin het om kuns te gebruik in die uitlewing van my verhouding met God nie. Hierdie navorsing was vir my persoonlik van onskatbare waarde.



Vanuit die postfundamentele paradigma word die navorser altyd deur die navorsing verander (sien Verhesschen 1999:6). Tog kan die geldigheid van die navorsing nie altyd getoets word nie aangesien dit feitlik onmoontlik is vir een navorser om die navorsingsprojek te herhaal. Daar word tog verslag gelewer oor 'n spesifieke verhaal in 'n spesifieke konteks in 'n spesifieke tydvak. Ander navorsers word dan die legitimerende stem op grond van hulle kennis van ander interpretasies en hul bekendheid met soortgelyke kontekste (Verhesschen 1999:6). In my geval was die ander navorsers wat my eie navorsingservaring legitimeer die ander vier vroue wat saam met my die navorsing onderneem het.

As navorser moet jy beide "*insider en outsider, engaged participant en detached observer*" wees (Dreyer 1998:12). Omdat ek weens my keuse vir deelnemende aksie navorsing deel was van die navorsing het ek nie buite die navorsingsverhouding as 'n deursigtige, rasonale subjek gestaan nie, maar was ek deel van 'n gedeelde epistemologiese raamwerk met die mede-navorsers (vergelyk Dreyer 1998:14). Tog moes ek as navorser kon terugstaan om krities te reflekteer oor my eie lewenswêreld wat in die navorsingsarena ingedra word (sien Dreyer 1998:15) en om saam met die mede-navorsers die verhaal van die navorsing te konstrueer. Om hierdie rede het ek gepoog om nie te veel klem op myself te plaas nie, maar eerder die stem van die mede-navorsers te laat hoor, aangesien ek nie myself wou navors nie, maar wel die belewenis van ander vroue. Dat ek toevallig ook een van hierdie vroue is het na my mening nie my posisie as navorser onder verdenking geplaas nie.

Foltz (2004:412) is van mening dat haar navorsing tussen vroue haar dramaties as vrou en as navorser verander het. Sy het onbewustelik geleer oor die veld waarvoor sy navorsing gedoen het, oor hoe feministiese navorsing uitgevoer word, asook oor wie sy self en die ander vroue van die groep is. Dit is wat ek as navorser ook beleef het. Die woorde van Horovitz-Darby (1994:29) bevestig dit verder:



... I continue to encounter an unexpected phenomenon – the secondary gain of my own spiritual growth and development. This occurs simply by being in the presence of another human being ... searching for the meaning of life and discussing one's relationship or non-relationship with God...

In die proses van die navorsing was ek dikwels onseker oor waarheen ons op pad is, en aanvanklik oor waarheen ek persoonlik met hierdie navorsing oppad is. Ek was soos iemand wat 'n reis moes onderneem in 'n ongekarteerde landskap sonder om te weet na watter bakens om te soek. Al was ek onseker, was ek nie angstig nie. Hier volg enkele uittreksels uit my navorsingsjoernaal aangaande hierdie onseker pad:

14 April 2004

Ek wonder wat die uiteinde van hierdie navorsing gaan wees? Ek is nie angstig daarvoor nie, aangesien ek regtig glo in die dinamiek van die narratiewe proses, so my vraag is meer uit nuuskierigheid as uit ang.

9 Maart 2004

Ons begin vanaand met die vrouekunsgroep. Behalwe dat ek baie opgewonde is, is ek ook verskriklik benoud. Sê nou hulle voel dis nie sinvol nie? Sê nou ek is nie daartoe in staat om die inligting wat ek wil oordra oor te dra nie. Dis een ding om self te dink jy kan iets doen maar dis iets anders om ander mense te leer hoe.

21 Mei 2004

Ek begin nou baie dink oor waarheen hierdie navorsing oppad is. Ek moes my navorsingsvoorstel begin skryf en ek besef meer en meer dat ek my gaan doodwerk om al drie groepe se volledige verhale op te skryf. Soos ek al vantevore gesê het, voel dit in elk geval bietjie na oorfloedige goeie werke, soos Hanneke altyd sou sê, want daar is al in soveel studies bewys hoe effektief kunstherapie is in enige terapeutiese behandelingsprogram, dat ek eintlik net besig is om die wiel van vooraf te ontwerp. Dis regtig voor die hand liggend dat kunstherapie 'n groot hulpmiddel is vir die ECHO klompie, en selfs ook vir die Staanvas-groep met hulle allesbehalwe ideale omstandighede. Ek sal ernstig moet herbesin oor waarheen ek op pad is, want ek vermoed ek is besig om in terme van die navorsing baie tyd te spandeer aan iets wat ek in elk geval nie op die einde van die dag noodwendig gaan gebruik nie. Ek begin al meer daaraan dink om eerder met die vroue aan te gaan en iets regtig groots saam met hulle te doen. So terloops, Ansa het toe opgehou. Nou's dit net Susan, Michelle, Sanet en Anna.

27 Julie 2004

Ek het vandag vir Jaco die nuus gebreek dat ek besluit het om nie verder van die ECHO-kunsterapiegroep gebruik te maak in my navorsing nie. Aanvanklik was hy nie baie beïndruk nie, maar hy verstaan my motivering. Ek het my egter voorgeneem om tot einde Oktober met die groep voort te gaan, totdat hulle met hulle eksamens begin. Ek het ook vir hom gesê dat ek dit baie sterk oorweeg om op te hou met die Staanvas-groep, waarvoor ek 'n redelike intensiewe "mens begin nie iets wat jy nie wil klaarmaak" speech gekry het. Ek is egter in my hart oortuig dat dit die regte keuse is om eerder op die vrouens te fokus ter wille van die navorsing en dat die Staanvas-groep op 'n stadium dalk weer sou kon werk, maar nie nou nie. Op hierdie stadium moet ek eerder dink aan wat ek nodig het vir die navorsing as aan wat al die ander mense van my wil hê. Ek sê in elk geval te maklik ja vir alles. Hoogtyd dat ek bietjie standpunt inneem vir iets waaroor ek sterk voel.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat ek nie altyd geweet het waarheen ek oppad is nie, maar dit was goed om die navorsingsproses te vertrou en te glo dat die rivier my sal neem na die regte bestemming.

Tog kan ek nie ontken dat my rol nie net dié van navorser was nie, maar ek was ook die leier van die groep wat daarmee saam aan my 'n bepaalde funksie gegee het. Hall (1987:159) praat van die "psychic midwife" wat ander help om die lewe te betree en behulpsaam is in die oorgang tussen innerlike en uiterlike. Ook Hess (1998:54) praat van die navorser as vroedvrou. Ek vereenselwig my graag met hierdie beeld aangesien dit nie spreek van 'n magsposisie waar ander deur my as navorser in 'n bepaalde rigting geforseer word nie, maar waar ek slegs gereed staan om die onafwendbare te help gebeur. My funksie was dus nie dominerend nie, maar ek het myself gesien as bevoorregte getuie en dienaar van 'n ongelooflike proses. Selfobservasie is altyd gekleur (Riley 2001:25) en daarom ontken ek nie dat daar moontlik tye was waar ek onbewustelik my mag sou kon misbruik nie, maar dit was nooit my doelbewuste intensie om die navorsing in 'n bepaalde rigting te forseer of om die mede-navorsers te manipuleer om by 'n gewenste eindpunt te kom nie. Soms is my aandag inderdaad afgetrek van die werk waarmee die ander besig was aangesien ekself



ook dikwels met iets besig was (sien Hyland Moon 2002: 205), maar dit was nie noodwendig negatief nie, omdat dit aan hulle die geleentheid gegee het om spontaan voort te gaan sonder iemand wat konstant oor hulle skouers loer. In retrospek het die moontlikheid bestaan dat my eie ervaring vir hulle intimiderend kon wees en hul spontaniteit kon inperk (sien Hyland Moon 2002:206), maar daarom het ek probeer om nie in die groep te fokus op my eie ervaring nie, maar in my eie ervaring eerder bevestiging gevind vir wat die ander beleef.

Volgens Riley (2001:xiii) is die leier van die groep soos die dirigent van 'n orkes. Haar taak is om altyd ten volle teenwoordig te wees en nie-veroordelend te staan teenoor enigiets wat binne die groep na vore sou kom nie. Dit is ook haar taak om te alle tye 'n duidelike begrip van die doel van die groep te beliggaam, om 'n sin van gemeenskap daar te stel, 'n gemeenskaplike doel, en respek vir verskillende perspektiewe. Dit is ook haar taak om eerlik en konsekwent te reageer en deur haar dade vertrouwe te beliggaam (Riley 2001:xviii). Ek sê nie dat ek in al bogenoemde geslaag het nie en die vraag kan tereg gevra word of dit werklik my funksie was. Tog is ek van mening dat elke lid van die groep se bydrae tot die groep meegebring het dat ons ervaring positief, verrykend en tot die navorsing gefokus was en dat ons aan die einde van die jaar eerder as susters uitmekaar is, en nie as groepslede nie. Die rede waarom ek so sê is ons voorgesette belangstelling in mekaar se lewens amper 'n jaar na die amptelike beëindiging van die groep.

Annamarie en Sanet is steeds deel van 'n volgende kunstgroep. Michelle bly te ver en het besluit om vir eers haar bywoning te staak. Sy het intussen werk gekry en kry aan die einde van die maand haar eerste salaris. Susan het eergister geboorte geskenk aan haar tweede dogter, Carlé en twee dae voor haar geboorte die selfportret voltooi wat in hoofstuk twee en ses te sien is.



7.10 Slotopmerkings

Ek wil graag hierdie studie afsluit met die woorde van Henry Ward Beecher wat dit alles begin het:

“Every artist dips his brush in his own soul, and paints his own nature into his pictures”.

Soos reeds in hoofstuk 1 gemeld sê hierdie aanhaling iets van die misterieuse verbintenis tussen kuns en die persoon se innerlike wêreld, waarvan die emosionele en geestelike deel is. In hierdie studie het ek saam met vier ander vroue op reis gegaan om te soek na hoe terapeutiese kuns ons behulpsaam kon wees in die uitlewing van ons spirituele identiteit. Dit was nie ons doel om onself as sogenaamde kunstenaars voor te hou nie, maar wel as gewone gelowige vroue met 'n diep begeerte om kuns te gebruik om ons spirituele identiteit te verwoord en uit te leef.

Dit is my droom dat die vyf dogters van Eva nog lank besig sal wees met die skilder van 'n engel.

